# Luiperdkamerastap Januarie 2023

| **ROETE:** | Limietbergroete na kamera | **DATUM:** | 22 Januarie 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Vyf van ons arriveer stiptelik by Eerste Tol en val om 6:15 in die pad. Ons wou juis vroeg begin om die hitte vry te spring aangesien die vordering op die oorgroeide paadjie maar stadig is. Ons neem 2h15 minute tot by die kamera en dit het die laaste stukkie reeds begin warm raak. Ons vertoef 'n uur by die kamera. Steph laai die foto's af waarvan ses van die foto's 'n luiperd op het. Die kamera word opgestel en die grasse in die omgewing daarvan geknip voordat ons die terugtog aanpak. Dit neem ons nét meer as 2 uur tot by die motors. Dit was redelik warm teen die einde en ons is bly om teen 11:40 reeds klaar te wees. Ons stop by The Bell Inn vir iets lekker koud en tjips. Die oorgroeide paadjie maak dit werklik 'n moeilike stap en ons het ondermekaar gewonder of die klub nie 'n projek daarvan kan maak om dele te gaan oopkap/oopknip nie. Hoogte gestyg= 280m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Steph du Toit | 2023031 | R 5 | 9 | |
| Mariana du Toit | 2023032 | R 5 | 9 | |
| Org Nieuwoudt | 2023109 | R 5 | 9 | |
| Dirk du Toit | 2023043 | R 5 | 9 | |
| Reline du Toit | 2023042 | R 5 | 9 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 25** | **45** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| **NAME OP WAGLYS** | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Steph du Toit |
|---|---|